

Amos 8

1 Dít het die Here HERE my laat sien – kyk, daar was 'n mandjie met somervrugte. 2 En Hy sê: Wat sien jy, Amos? En ek antwoord: 'n Mandjie met somervrugte. Toe sê die HERE vir my: Die einde het vir my volk Israel gekom; Ek sal hom verder nie meer verbygaan nie. 3 En die liedere van die paleis sal in dié dag weeklaag, spreek die Here HERE: 'n menigte lyke; hulle gooi dit oral neer. Stilte!

4 Hoor dit, julle wat die behoeftige vertrap en daarop uit is om die ootmoediges van die land uit te roei, 5 deur te sê: Wanneer is die nuwemaan verby, sodat ons koring kan verkoop, en die sabbat, sodat ons die graanskuur kan oopsluit – om die efa te verklein en die sikkkel te vergroot en bedrieglik te handel met 'n valse weegskaal; 6 om die armes vir geld te koop en die behoeftige vir 'n paar skoene; ook die afval van die koring sal ons verkoop.

7 Die HERE het gesweer by die hoogheid van Jakob: Gewis, Ek sal in ewigheid nie een van hulle werke vergeet nie. 8 Moet hieroor die aarde nie bewe en elke inwoner daarvan nie treur nie? Ja, dit sal oprys in sy geheel soos die Nyl en onstuimig opkook en wegsak soos die rivier van Egipte.

9 En in dié dag, spreek die Here HERE, laat Ek die son op die middag ondergaan en vir die aarde die lig duister word terwyl dit nog dag is. 10 En Ek verander julle feeste in rou en al julle liedere in klaagsang, en Ek bring op alle lendene 'n roukleed en op alle hoofde kaalheid. En Ek maak dit soos by die rou oor 'n enigste kind en die einde daarvan soos 'n bittere dag.

11 Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor. 12 En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die HERE te soek, maar hulle sal dit nie vind nie. 13 In dié dag sal die mooi jongedogters en die jongmanne van dors beswyk – 14 hulle wat sweer by die skuld van Samaría, en ook sê: So waar as jou god leef, o Dan! en: So waar as die weg van Berséba leef! En hulle sal val en nie weer opstaan nie.

'n Samestelling van Amos 8

7:1-9:15 *Visioene*

8:1-9:15 Twee verdere visioene van die komende oordeel

8:1-14 Die mandjie vrugte

8:1-3	Die visioen
8:4-14	'n Verklarende strafrede

Die Here het nog twee visioene aan Amos gewys en hy het hulle ook verkondig soos die vorige drie visioene ondanks Amasia se protes wat hy by die koning aangeteken het.

Die visioen waarmee hierdie hoofstuk begin (Amos 8:1-3) lei tot drie verdere profetiese uitsprake (Amos 8:4-6, 7-10, 11-14) en maak die visioen duideliker.

Amos 8:1-14 – Die mandjie vrugte

Amos 8:1-3 – Die visioen

1 Dít het die Here HERE my laat sien – kyk, daar was 'n mandjie met somervrugte.
2 En Hy sê: Wat sien jy, Amos? En ek antwoord: 'n Mandjie met somervrugte. Toe sê die HERE vir my: Die einde het vir my volk Israel gekom; Ek sal hom verder nie meer verbygaan nie. **3** En die liedere van die paleis sal in dié dag weeklaag, spreek die Here HERE: 'n menigte lyke; hulle gooi dit oral neer. **Stilte!**

Soos by die derde visioen laat die Here eers vir Amos die visioen sien – **kyk, daar was 'n mandjie met somervrugte**. Gewoonlik sal so 'n mandjie somervrugte gesien word as 'n teken van seën en voorspoed. Maar die Here verduidelik hierdie visioen self.

Terwyl Amos die Visioen sien, vra die Here aan hom wat hy sien. Hy antwoord: 'n **Mandjie met somervrugte**. Wanneer die Here dan die antwoord gee, sinspeel Hy op die woord wat ons vertaal met *somervrugte*. Die Here sê: **Die einde het vir my volk Israel gekom**. Die Hebreeuse woord wat ons met *einde* vertaal, klink baie soos die woord wat ons met *somervrugte* vertaal.

Al die mooiheid van die visioen wat aanvanklik by 'n mens opgekom het, verdwyn. Soos wat ryp somervrugte nie meer 'n lang rակlewe het nie, so het Israel se rակlewe ook verbygegaan. Ryp somervrugte moet maar so gou as moontlik gebruik word anders gaan dit verlore. Die Here sê dit baie duidelik aan die einde van vers 2 – **Ek sal hom verder nie meer verbygaan nie** – Israel sal nie verder verskoon kan word

van die oordeel nie. Die tyd het ryp geword vir die oordeel.

Die verdwasing word in die derde vers voortgesit. Die aanvanklike vreugde en blydschap met die eerste blik op die mandjie somervrugte word nog verder weggeneem. In die paleis sal die liedere nie vrolik wees nie. Op die dag wanneer die Here die oordeel oor Israel gaan voltrek, sal die liedere klaagsange wees.

Die oordeel oor Israel sal so erg wees dat 'n **menigte lyke** in die land sal lê. Hierdie menigte lyke sien op die slagting wat deur die vyand aangerig sal word, want dit blyk dat die *hulle* in die woorde **hulle gooi dit oral neer** na die vyand verwys. Hulle sal die Israëliete links en regs doodmaak en die lyke sal sommer net so bly lê. Daar sal nie eers geleentheid wees om die dooies te begrawe nie (vgl. Amos 6:9-10).

Hierdie toestand sal 'n totale verslaendheid oor die die volk bring. Hulle sal in stilte toekyk wat met hulle gebeur. Maar daar sal nie net 'n stilte onder die volk wees nie. Daar sal ook 'n ander stilte kom wat meer vreesaanjaend is (vgl. Amos 8:11-12).

Amos 8:4-14 – 'n Verklarende strafrede

Amos 8:4-6 – Die sonde van Israel

4 Hoor dit, julle wat die behoeftige vertrap en daarop uit is om die ootmoediges van die land uit te roei, 5 deur te sê: Wanneer is die nuwemaan verby, sodat ons koring kan verkoop, en die sabbat, sodat ons die graanskuur kan oopsluit – om die efa te verklein en die sikkel te vergroot en bedrieglik te handel met 'n valse weegskaal; 6 om die armes vir geld te koop en die behoeftige vir 'n paar skoene; ook die afval van die koring sal ons verkoop.

Indien daar enigsins twyfel is of die tyd regtig ryp geword het vir die oordeel oor Israel, maak die Here dit nog 'n keer onteenseglik duidelik in die volgende verse. Hy roep juis die onregwerkers om te luister – **Hoor dit, julle wat ...** Dit was dieselfde aanhef wat in die eerste drie strafredes gevind word (Amos 3:1; 4:1 en 5:1).

Die oortredinge wat in vers 4 genoem word, herinner aan die oortredinge wat ook in Amos 2:7 genoem is (vgl. ook Amos 5:11). Die vooraanstaande burgers van die land het dit hulle doel in die lewe gemaak om die behoeftiges te vertrap. En hulle oogmerk

met die vertrapping van die behoeftiges was om die ootmoediges uit die land uit te roei. Hulle wou die armes en behoeftiges onder hulle geheel en al van die aarde af laat verdwyn. Dit doen die mense van Israel terwyl die Here uitdruklik aan hulle bekend gemaak het hoe die armes onder hulle versorg moet word (Deut 15:7-11; vgl. Ps 72:12-13).

Die wyse waarop die vooraanstaande mense die behoeftiges vertrap en die ootmoediges uitroei, word in die volgende verse uitgespel. In die eerste deel van vers 5 herinner Amos die vooraanstaandes aan hulle eie woorde. Hulle vra: **Wanneer is die nuwemaan verby, sodat ons koring kan verkoop, en die sabbat, sodat ons die graanskuur kan oopsluit.**

Nuwemaan en sabbat was feesdae waarop daar nie gewerk moes word nie, maar waarop die volk in aanbidding voor die Here gekom het. Israel was gretig en ywerig in hulle godsdienstige handeling. Hulle het graag hulle offers gebring. Maar dit was bloot 'n uiterlike handeling, want hulle kon nie wag dat die nuwemaanfees en die sabbat verby is. Hulle vra dan wanneer is die dae verby sodat hulle koring kan verkoop en sodat hulle die graansskure kan oopsluit vir besigheid.

In die res van vers 5 en die begin van vers 6 sê Amos waarom is hierdie mense so ywerig om weer besigheid te doen. Hulle is nie daarop uit om eerbaar te werk te gaan nie. Hulle oogmerk is om hulleself op enige denkbare manier te verryk uit die armoede van die behoeftiges en ootmoediges – **om die efa te verklein en die sikkal te vergroot en bedrieglik te handel met 'n valse weegskaal.**

Die efa is die inhoudsmaat vir droë produkte. Wanneer hulle verkoop, maak hulle die inhoudsmaat al kleiner, maar skep die indruk dat dit nogsteeds 'n volle efa is wat hulle verkoop. Deur die inhoudsmaat al kleiner te maak, maak hulle die sikkal al groter. Dit wil sê, die prys word al duurder en hulle trek alleen die voordeel daaruit. Selfs wanneer daar geweeg moet word, gebruik hulle 'n valse weegskaal. Wat hulle verkoop weeg inderwaarheid minder as wat hulle voorgee en wanneer hulle aankoop weeg die skaal ligter as wat dit behoort te weeg. Die Here het sulke bedrieglike praktyke in die handel uitdruklik verbied (Lev 19:35-37; Deut 25:13-15).

Die handelaars se bedrog gaan nog verder. Hulle koop armes vir geld en die behoeftige vir 'n paar skoene. Deur hulle bedrieglike optrede verdrink hulle die armes in skuld, sodat die armes en behoeftiges aan hulle diensbaar word en dan handel hulle met hulle verder vernederend.

In die laaste deel van vers 6 haal Amos weer die woorde van die bedrieglike handelaars aan – **ook die afval van die koring sal ons verkoop**. Hulle verkoop selfs die kaf saam met die koring net om hulle winste groter te maak. Al hierdie dinge wat die vooraanstaande mense onder die dekmantel van billikheid doen, word deur die Here raakgesien en dit vertoorn Hom.

Amos 8:7-10 – Die geklaag van die lydendes

7 Die HERE het gesweer by die hoogheid van Jakob: Gewis, Ek sal in ewigheid nie een van hulle werke vergeet nie. 8 Moet hieroor die aarde nie bewe en elke inwoner daarvan nie treur nie? Ja, dit sal oprys in sy geheel soos die Nyl en onstuimig opkook en wegsak soos die rivier van Egipte.

9 En in dié dag, spreek die Here HERE, laat Ek die son op die middag ondergaan en vir die aarde die lig duister word terwyl dit nog dag is. 10 En Ek verander julle feeste in rou en al julle liedere in klaagsang, en Ek bring op alle lendene 'n roukleed en op alle hoofde kaalheid. En Ek maak dit soos by die rou oor 'n enigste kind en die einde daarvan soos 'n bittere dag.

Die volgende twee gedeeltes – Amos 8:7-10 en Amos 8:11-14 – brei uit op die twee onderskeie gevolge van die Here se oordeel wat reeds in Amos 8:3 genoem is. Die liedere sal 'n weeklaag word en daar sal stilte wees.

Dit is die derde keer dat daar gesê word dat die Here gesweer het (vgl. Amos 4:2 en 6:8). Met hierdie ede wat die Here sweer kan daar geen twyfel wees oor die oordeel wat aangekondig word nie. Dit sal gewis gebeur.

Hier word gesê **die HERE het gesweer by die hoogheid van Jakob**. Die woord wat hier vertaal is met *hoogheid* is in Amos 6:8 met *trotsheid* vertaal. In Amos 6:8 word daar verwys na die sondige trotsheid van Jakob waaroor die Here 'n afsku het. Na aanleiding van die Here Jesus se woorde in Matteus 5:33-37 lyk dit asof die woorde

hoogheid van Jakob eerder 'n verwysing na die Here self is. By niemand anders kan 'n eed tog gesweer word nie behalwe by die Here.

Die Here sweer dat Hy **in ewigheid nie een van hulle werke sal vergeet nie**. Die werke waarvan gepraat word, is die onreg wat Israel gedoen het (vgl. Amos 8:4-6). Tyd kan nie die sonde van die mens wegneem nie. 'n Mens kan oor 'n tyd van sy sonde vergeet, maar die Here vergeet dit nie totdat daar versoening voor gedoen is.

Die Here vra deur sy profeet: **Moet hieroor die aarde nie bewe en elke inwoner daarvan nie treur nie?** Die antwoord op hierdie vraag is 'n duidelike **ja** soos wat dit in die res van die vers na vore kom. Selfs die aarde is nie onaangeraak oor die onreg wat in Israel plaasvind nie. Die aarde bewe oor die sonde van Israel, want die Here gaan dit beslis nie ongestraf laat bly nie. Hierdie bewe van die aarde herinner aan die aardebewing wat in die dae van Amos plaasgevind het (Amos 1:2).

Die aarde bewe nie net van die aardbewing nie maar ook van die aankomende vyande wat die Here as tugroede teen sy volk gaan aanwend. **Dit sal oprys in sy geheel soos die Nyl en onstuimig opkook en wegsak soos die rivier van Egipte**. Die oordeel van die Here sal soos 'n vloedgolf oor die land van Israel gaan. Baie mense sal in die maalkolk van geweld meegesleur en gedood word. En as die vloedgolf verby is, sal net verwoesting en ellende oorbly, soos wanneer 'n rivier sy walle oorstrom het en alles meegesleur het.

Die dag van oordeel word nog meer onheilspellend. Die Here sê: **Ek laat die son op die middag ondergaan en laat vir die aarde die lig duister word terwyl dit nog dag is**. Dit blyk dat die aardbewing deur 'n sonsverduistering opgevolg is. Volgens berekening was daar tydens Amos se leeftyd twee sonsverduisterings – op 9 Februarie 784 vC en op 15 Junie 763 vC. Hierdie beskrywing van die omstandighede op die dag van oordeel is ook voorteken van die laaste dae voor die wederkoms van Jesus Christus. Dan sal die son swart word en die maan bloedrooi soos wat Joël daarvan geprofeteer het (Joël 2:31).

Afgesien daarvan dat hierdie profesie sekerlik na die werklike natuurverskynsel verwys wat die Here te weeg gebring het, het die profesie ook 'n metaforiese verwysing

na die landsomstandighede en gebeure. Israel het tydens die regering van Jerobeam die seun van Joas besondere voorspoed beleef. Die oordeel sal Israel oorval terwyl dit goed gaan soos wat die sonsverduistering helder oor dag plaasvind.

In vers 10 gee die Here die gevolge van die oordeel weer. Hy sal hulle feeste in iets so treurig soos 'n begrafnis verander en hulle vrolike liedere in klaagsange (vgl. Amos 8:3). Deur die oordeel van die Here oor sy volk sal die mense rouklere aantrek en praktyke beoefen wat eie is aan rou in daardie tyd – hulle sal hulle hoofde kaal skeer.

Hierdie gebruik om 'n gedeelte van die hare weg te skeer wanneer daar gerou word, is deur die Here verbied, want dit was 'n heidense praktyk (Deut 14:1), maar dit is tog deur die volk beoefen (vgl. Miga 1:16; Jes 3:24; 15:2; 22:12).

Die laaste bittere gevolg van die oordeel van die Here is - **En Ek maak dit soos by die rou oor 'n enigste kind en die einde daarvan soos 'n bittere dag.** Om 'n kind te begrawe, is reeds 'n bitter ding om te doen. Nou praat die Here van 'n **enigste kind.** Daar is hartseer en rou oor die kind wat gesterf het, maar aangesien dit 'n enigste kind is, beteken dit ook dat die toekoms 'n bitter einde vir die ouer sal wees. Die enigste kind was die ouer se hoop op 'n aanvaarbare lewe in die ouderdom omdat die kind die ouer sal versorg. Maar wanneer die enigste kind begrawe is, is die toekoms vir daardie ouer ook begrawe (vgl. Luk 7:11-17). Met hierdie oordeel van die Here oor sy volk is die toekoms van die volk – mensliker wys – ook nou begrawe.

Amos 8:11-14 – Die stilte van die Here

11 Kyk, daar kom dae, spreek die Here HERE, dat Ek 'n honger in die land stuur, nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie, maar om die woorde van die HERE te hoor. 12 En hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die HERE te soek, maar hulle sal dit nie vind nie. 13 In dié dag sal die mooi jongedogters en die jongmanne van dors beswyk – 14 hulle wat sweer by die skuld van Samaría, en ook sê: So waar as jou god leef, o Dan! en: So waar as die weg van Berséba leef! En hulle sal val en nie weer opstaan nie.

Die mense wat in Israel oorgebly het, sal stil wees wanneer hulle die een na die ander

betreur en begrawe. Maar dit is nie net die oorblywendes wat stil gaan wees nie, die Here gaan ook stil wees.

Die ergste hongersnood is **nie 'n honger na brood nie en nie 'n dors na water nie**. Amos herinner die Israeliete dat die ergste hongersnood is **om nie die woorde van die HERE te hoor nie**. Jesus het gesê: 'n Mens leef nie net van brood alleen nie, maar van elke woord uit die mond van God (Matt 4:4). Maar as die woord uit die mond van God nie gehoor word nie, hoe sal daar geleef kan word?

Let op dat die Here nie sê dat die woorde van die Here nie daar sal wees nie. Daar sal nog kopieë van die geskrewe woorde van die Here wees en daar sal nog predikers van die woorde van die Here wees, maar die mense sal dit nie hoor nie. Israel het al vir so lank die woorde van die Here verwerp (Amos 2:11-12; 7:10-13). Nou gaan die Here as oordeel nie meer die woorde na hulle stuur nie (1 Sam 3:1; Deut 8:3; Jes 55:11).

Wanneer mense nie na die woorde van die Here wil luister nie, kan Hy besluit om sy woorde van hulle af weg te hou, sodat hulle dit nie kan hoor nie (Luk 17:22; Joh 7:34). Dit sal gebeur soos wat met Saul gebeur het. Hy het aanhoudend die woorde van die Here verwerp en die dag toe hy regtig besef het hoe nodig hy die woorde van die Here het, het hy nie 'n gerustellende woord gehoor nie.

Dit blyk dat Israel dieselfde ellende oorgekom het as Saul. In die dae van die oordeel sal hulle besef hoe nodig hulle het om die woorde van die Here – woorde van hoop, genade of vergifnis of selfs van vermaning – te hoor. Maar omdat hulle die woorde van die Here oor so 'n lang tyd al verwerp het, sal hulle dit nie hoor nie. Hulle sal oral daarna soek – **hulle sal swerwe van see tot see en rondslinger van noord na oos, om na die woord van die HERE te soek** – maar die hartseer van alles is – **maar hulle sal dit nie vind nie**. Nêrens sal hulle meer die woorde van die Here hoor nie. Toe die Here hulle aangesê het om Hom te soek, het hulle eerder na Bet-el, Gilgal en Berseba gegaan (Amos 5:4-6).

Dit is nie net die oues van dae wat sal beswyk omdat hulle nie geestelik gevoed en verkwik is nie. Die Here sê dat die oordeel selfs die jonges van dae sal tref – **in dié**

dag sal die mooi jongedogters en die jongmanne van dors beswyk. In hulle soeke om na die woorde van die Here te luister sal hulle dood neerval. Daarmee word die lewenskragtige toekoms van die volk tot niet gemaak en hulle sal nie eers 'n nageslag hê nie.

In vers 14 laat die Here hoor wie is dit wat gaan beswyk. Dit is **hulle wat sweer by die skuld van Samaría, en ook sê: So waar as jou god leef, o Dan! en: So waar as die weg van Berséba leef!** Die woord wat vertaal is met *skuld* kan ook met *skaamte* vertaal word. Dit is verwysing na die afgodery wat deur Samaria bedryf is in Bet-el.

Dan was die ander plek in die noorde van die land waar Jerobeam I ook 'n goue kalwerbeeld opgerig het. Vir Israel was dit hulle god. **Berseba** was in die verre suide. Dus sou Israel maar die ganse beloofde land deurkruis het op soek om na die woorde van die Here te hoor, maar nêrens sou hulle dit vind nie. Uiteindelik sal hulle neerval en nie weer opstaan nie. Nie een van daardie afgode is by magte om Israel op te rig nie. Hiermee word nie bedoel dat die hele Israel – kop vir kop – beswyk het nie. Deur die Here se genade is daar nog individue wat hulle tot die Here bekeer het, maar die geslag van daardie tyd het beswyk.